**Titel:** Gee Geboorte
**Spreker:** Jaco Neveling
**Datum:** 4 April 2010
**Tyd:** 09:00

shofar

**1ste Prioriteit**

**Mat 6:33 NLV**

[33]Nee, maak die koningsheerskappy van God en dit wat voor Hom reg is, jou heel eerste prioriteit.

Om die belangrikheid van iets te meet:

- Kyk na die vrug

**Die beeld**

As God se koningkryk my 1ste prioriteit is, dan sal ek…

- Lief wees vir God se Woord
- Lief wees vir God se Wil
- Lief wees vir God se mense
- Lief wees vir alle mense

**God soek gewillige vennote**

**Genesis 1:26-28**

[26]God sê toe: "Laat Ons die mens maak volgens ons beeld, 'n afbeelding van Ons. Laat hulle soos konings heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor die mak diere, oor die wilde diere, oor alles wat op die aarde kruip." [27]God het mense geskep na Sy beeld, volgens sy eie beeld het God hulle geskep; manlik en vroulik het Hy hulle geskep. [28]God het hulle geseën deur te sê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde. Onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see, die voëls in die lug en oor al die diere op die aarde."

**Ons deel in God se plan**

Bid, Bid, Bid

- Laat die Heilige Gees toe om ons te bevrug met die wil en voornemens van God.
- Dan moet ons geboorte gee aan die wil van God deur en in gebed.

**Gebed wat geboorte gee**

- Elia - 1 Kon 8:1, 41-45.
- Daniël - Dan 9:1-3, 17-19
- Jesus - Luk 6:12, Matt 26:36-46, Luk 22:44

**Gebed wat geboorte gee – Elia**

**1 Konings 18:1, 41- 45**

[1]Na 'n lang tyd, tydens die derde jaar van die droogte, sê die Here vir Elia: "Gaan na koning Agab toe en sê vir hom Ek sal dit binnekort laat reën."… [41]Daarna sê Elia vir Agab: "Gaan eet en drink, want ek hoor die gedruis van groot reën!" [42]Agab het toe gaan eet en drink, maar Elia het tot op die top van Karmelberg geklim. Daar het hy met sy kop tussen sy knieë op die grond neergebuig. [43]Hy sê toe vir sy dienaar: "Gaan kyk uit oor die see."…Die dienaar het gekyk, na Elia toe teruggekom en gesê: "Ek sien niks nie." Elia sê vir hom: "Gaan kyk weer!" Sewe keer het Elia hom gestuur. [44]Die sewende keer sê die dienaar: "Ek sien 'n wolkie so groot soos 'n man se hand opkom uit die see." Toe sê Elia: "Maak gou! Gaan sê vir Agab: "Span jou wa in en gaan af na jou huis toe anders sal die reën jou vaskeer!" [45]Spoedig was die lug donker van onweerswolke. 'n Sterk wind het 'n groot reënstorm gebring.

**Gebed wat geboorte gee – Daniël**

**Daniel 9:1-3, 17-19**

[1]Dit was in die eerste regeringsjaar van Ahasveros se seun Darius. Hy was ‘n Mediër. Hy het oor die Babiloniërs regeer. [2]Tydens die eerste jaar van sy koningskap het ek, Daniël, die Skrifte van wat die Here vir die profeet Jeremia gesê het, nagegaan oor die tydperk wat Jerusalem vervalle sou lê. Dit sou 70 jaar wees. [3]Ek het toe voor God die Here gekom en gevas en gebid. Ek het sakke aangetrek en as oor my gegooi.... [17]“Ons God, luister tog na die gebed van U dienaar en sy smeking. Ter wille van Uself, word tog weer goedgesind teenoor U verwoeste tempel. [18]Spits tog U ore, maak oop U oë, sien ons ellende raak! Kyk hoe lyk die stad wat U naam dra! Ons vra dit nie omdat ons regverdig is nie, maar ons smeek U omdat U barmhartig is. [19]Here, hoor tog! Here vergewe ons! Here luister tog en doen iets daaraan! Moenie nog wag nie , O God, want U stad en U volk dra U naam.”

**Gebed wat geboorte gee – Jesus**

**Lukas 6:12**

[12]Eendag kort hierna het Jesus na ‘n berg gegaan om te bid, en Hy het die hele nag in gebed deurgebring.

**Lukas 22:44**

[44]Terwyl Hy intense angs beleef, het Jesus nog ernstiger begin bid. Sy sweet het soos drupperls bloed geword wat op die grond drup.

**(Mattheus 28:36-46)**

**Stel God se krag vry**

Gebed stel God se krag vry

**Openbaring 5:8**

[8]Net toe Hy die boekrol vat, het die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge in aanbidding voor die Lam neergeval. Elkeen het ‘n siter en ‘n goue bak vol wierook vasgehou, dit is die gebede van die gelowiges.

**Openbaring 8:3-5**

[3]’n Ander engel het nader gekom en by die altaar gaan staan. Hy het ‘n goue wierook bak vasgehou. Baie reukwerk is aan hom gegee om dit te meng met die gebede van almal wat aan God toegewy is, en om dit op die goue altaar wat voor die troon staan te offer. [4]Die rookwolk van die reukwerk wat deur die engel geoffer is, het gemeng met die gebede van hulle wat aan God toegwy is, en het opgestyg voor God. [5]Toe het die engel die wierookbak geneem, dit vol gemaak met die vuur van die altaar af en dit op die aarde uitgegooi. Donderslae, rammelinge, weerligstrale en ‘n aardbewing het toe daarop gevolg.

**Die Vroedvrou Salwing**

**Eksodus 1:15-17**

[15]Die verpleegsters wat die Israelitiese vroue gehelp het om geboorte te gee se name was Sifra en Pua. Die koning van Egipte het vir hulle gesê: [16]“Wanneer julle die Hebreeuse vroue help om geboorte te gee, moet julle elke seuntjie wat gebore word net daar doodmaak. As dit ‘n dogtertjie is, mag sy maar bly lewe.” [17]Omdat hierdie voue die Here gedien het, het hulle nie gedoen wat die koning van Egipte gesê het nie. Hulle het die seuntjies laat bly lewe.

**Gee geboorte aan die Nuwe Geboorte in ander**

**Jesaja 66:7- 8**

[7]Bring ‘n vrou in die wêreld voordat sy geboorte pyne het? [8]Maar Sion het skaars geboortepyne gekry of haar babas is reeds gebore.

**Gee geboorte aan die vorming van Christus in ander**

**Galasiërs 4:19 (OV)**

19My kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle ‘n gestalte kry.

**Efesiërs 6:18**

18Doen alles deur gebed en smeking. Laat die Gees julle elke keer in gebed lei. Bly in alle omstandighede op julle hoede en bid vir almal wat aan God behoort.

**Koop die tyd uit**

**Efesiërs 5:15–17 (OV)**

15Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; 16en koop die tyd uit,
omdat die dae boos is. 17Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van
die Here is.

**Die tyd is nou**

**Romeine 8:19,22**

19Die skepping smag na daardie dag wanneer God Sy kinders openlik bekend sal stel.... 22Ons weet
immers dat die ganse skepping nog steeds aan die kreun is soos iemand met geboortepyne.